**Skriflesing:** Handelinge 7:54-60
**Tema:** Leef 'n lewe wat die Here sal laat staan.

In Handelinge 6:3 word sewe manne wat "bekend is dat hulle vol van die Gees is en wysheid het" gekies as die eerste diakens. Een van die manne wat gekies is, was Stefanus, "man met vaste geloof en vol van die Heilige Gees" (Handelinge 6:5)
Van hom lees ons in Handelinge 6:8 en 10: "[8]Stefanus, aan wie God baie genade en krag gegee het, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen."
Mense wat met Stefanus begin redeneer het, "[10]was nie opgewasse teen die wysheid wat hy van die Gees ontvang het en waarmee hy gepraat het nie."

In Handelinge 7:55 lees ons weer dat hy vol van die Heilige Gees is. En iemand wat vol is van die Heilige Gees, is 'n getuie. Dit is ook waar vir ons. In Handelinge 1:8 sê Jesus: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Lede van die sinagoge wat nie in staat was om 'n argument teen Stefanus te wen nie, het aanklagte teen hom ingebring dat hy "lasterlike dinge teen Moses en God" gesê het. Daarvoor is Stefanus gearresteer en voor die raad gebring.

Op die vraag of die aanklagte waar is, het Stefanus gereageer deur te getuig. Ons lees sy getuienis in Handelinge 7:1-50. Hy het hierdie preek afgesluit deur die raad daarvan te beskuldig dat hulle hardnekkig is. Hy is nie meer die aangeklaagde, maar die aanklaer. Dit is hulle wat die Gees teëstaan, Jesus doodgemaak het en nie die Wet onderhou nie. (Handelinge 7:51-53).

Dit het die raadslede woedend gemaak en het tot Stefanus se steniging gelei. Hy sterf as die eerste Christen martelaar in die Bybel. Sy enigste oortreding was dat hy geglo het in en getuig het van Jesus Christus as Verlosser.

Wat die Joodse raad doen, is verkeerd. Maar hulle optrede is vir ons 'n waarskuwing in ons besig wees met die Bybel. Hulle het, volgens hulle verstaan van die Bybel, reg gedoen.
Hulle was verantwoordelik om godslastering te straf en met die Bybel in die hand, het hulle gedink dat Stefanus skuldig was aan godslastering. Die raad was verantwoordelik daarvoor dat mense die Joodse wet gehoorsaam en eerbiedig teenoor God optree. Hulle het geglo dat Stefanus dit nie gedoen het nie.

Stefanus praat nie net nie, hy leef ook sy geloof as martelaar.
Die Griekse woord vir getuie en martelaar is dieselfde woord. Christenwees is nooit maklik nie, soms is dit doodgewoon pynlik. Maar wie het gesê om Jesus volg is maklik! Jesus het nog nooit doekies omgedraai nie. Ons moet ons kruis opneem en Hom volg, eers die kruis dan die kroon…
In 2 Timoteus 3:12 skryf Paulus aan die jongman Timoteus: "Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word."

Christene wêreldwyd ervaar die hoogste vlakke van vervolging sedert Geopende Deure Internasionaal 30 jaar gelede met 'n jaarlikse Wêreldwaarnemingslys begin het.

Die nuutste data wys dat een uit elke sewe Christene wêreldwyd met baie hoë of uiterste vlakke van vervolging leef.
Een van die grootste bekommernisse op vanjaar se lys sluit in dat ’n humanitêre krisis in sub-Sahara Afrika dreig weens godsdienstig gemotiveerde geweld. Net meer as 5 000 Christene is in 2022 om godsdienstige redes in Nigerië vermoor. Hierdie vlaag van geweld is besig om kommerwekkend vinnig deur die res van die streek te versprei tot sover suid as Mosambiek.

Ons leef in toenemende in ‘n post-Christelike wêreld. Dit gaan al moeiliker word om die suiwer evangelie te leef en te verkondig. In Johannes 14:6 sê Jesus: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.” Daar is mense wat beweer dat die nuwe wet teen haatspraak bepaal dat as ek hierdie woorde van Jesus aanhaal, ek aangekla kan word omdat dit sou diskrimineer teen ander nie-Christelike godsdienste.

Terug by Stefanus. Hy leef tot eer van die Here en sterf tot eer van die Here.

Ons sien by hom dat kinders van die Here verder sien as hierdie lewe. Dit is asof hy nie die woedende Joodse Raad sien wat op Hom afstorm nie. Hy fokus op ‘n ander plek. Ons sien ook iets van hierdie fokus by Paulus in 1 Korintiërs 9:25 as hy uitsien na die onverwelklike oorwinnaarskroon wat vir hom wag. Daar is vir ons ‘n les oor geloof wat verder kyk as die hier en nou, hieruit te leer.
Sien ook die kontras tussen die Joodse raad se wraaksugtige reaksie vol woede en Stefanus se sterwens getuienis. Ons lees hiervan in Handelinge 7:55-56:
‘Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het stip na die hemel gekyk en die heerlikheid van God gesien, en Jesus wat aan die regterhand van God staan. Hy het dit ook gesê: “Kyk, ek sien die hemele geopen en die Seun van die Mens aan die regterhand van God staan.”
Getuies in die Joodse hof het gestaan wanneer hulle getuig. Jesus staan, want Hy tree as getuie vir Stefanus op. Onthou sy woorde in Matteus 10:32: “Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is.”

Daarom is Stefanus nie bang vir die dood nie. “[59]En hulle het Stefanus gestenig, terwyl hy uitroep: “Here Jesus, ontvang my gees!”

Jesus Christus het gesterf en opgevaar hemel toe en daarom is ons as sy kinders nie bang vir die dood nie. By al die trauma, hartseer en onsekerheid van dood wat niemand ontken nie, dink ek dat ons soms te groot “issue” van die dood maak.” Ook vir ons staan die hemel oop. En Jesus staan en getuig oor jou as sy kind by God ons Vader. Ons kan met dieselfde uitroep as Stefanus sterf, want die dood is niks minder of meer as dit nie: “Here Jesus, ontvang my gees!”

Met sy laaste woorde pleit hy vir sy vyande. Ons sien weereens die skrille kontras tussen Stefanus en sy moordenaars wat met haat gevul is en hom met klippe doodgooi.
“Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!” En met dié woorde het hy gesterf.

Stefanus sterf nie met haat op sy lippe nie, maar met vergifnis, want hy besef dat die mense nie verstaan wie Jesus is en waarom Hy mens geword het nie. Sy laaste woorde eggo die gebed van Jesus aan die kruis. En die Here verhoor sy gebed.
Dit is die kerkvader Tertullianus wat gesê het: "Die bloed van die martelare is die saad van die kerk…"
Handelinge vertel hoe 'n jong fanatiese vervolger van die die kerk, Saulus, dit alles aanskou het. Die mense, wat Stefanus kruisig, het hul klere by Hom neergesit.
Hierdie einste Saulus se lewe word radikaal deur God verander. As Paulus het hy een van die grootste volgelinge van Jesus geword en 'n reuse impak op die destydse wêreld gemaak. 'n Impak waarin ons vandag nog deel. Hy skryf tot moontlik 13 briewe van die Nuwe Testament.
Stefanus se martelaarskap het Paulus bygebly. Wanneer hy van sy bekering praat, vertel hy in Handelinge 22:20 daarvan.
Soos Augustinus dit so mooi stel: "Dat die kerk Paulus gekry het, is ook te danke aan Stefanus
se gebed en die getuienis wanneer hy sterf.

Kom ons gaan leef tot eer van die Here in die besef dat ons nie altyd gewild gaan wees nie. Ons gaan, soos Hy en gelowiges voor ons, swaarkry.
As kinders van die Here sal ons vervolg of ten minste verdag gemaak, seergemaak en gespot word. Waar ons as gelowiges sterf of nie populêr is nie, kom ons doen dit tot eer van die Here.
Dit is soms aan ons wonde dat die wêreld ons as volgelinge van Jesus Christus erken. Die heerlikheid van God word in ons lewens sigbaar, nie net in die manier waarop ons voorspoed hanteer nie, maar ook in die manier waarop ons swaarkry hanteer, ons voorregte prysgee en van ons voorspoed gestroop word.

Dit was deur die eeue heen nog altyd so dat sulke opofferende geloof Jesus in getuienis laat staan en mense laat stilstaan, laat dink en dikwels hul lewens ten goede verander!
Amen